momentum

Kaapse Aftreefonds

Opsomming van die
Aktuariële Waardering soos op 30 Junie 2011

1. Inleiding

Hierdie opsomming weerspieël die resultate van die aktuariële waardering van die Kaapse Aftreefonds, wat uitgevoer is soos op 30 Junie 2011.

Die Kaapse Aftreefonds (die Fonds) is as 'n vaste bydrae fonds met effek van 1 Mei 1996 gestig.

Die doel van hierdie waardering is om:

(a) die finansiële toestande van die Pensionarisrekening wat gebruik word om pensionarisse se voordele te finansier, en die Aandeelrekening wat aktiewe en uitgestelde lidbelangrekeninge ondersteun, te bepaal deur middel van 'n vergelyking tussen die waarde van die bates en dié van die laste vir die onderskeie rekeninge;
(b) die verklarings van beleggingsopbrengste vir aktiewe en uitgestelde lede na te sien;
(c) die saldo's van die onderskeie Fondsrekeninge te bepaal;
(d) die toekenning van bydraes tot aftreevoordele na te sien; en
(e) die aanbeveling van pensionverhogings vir pensionarisse.

2. Voordele

As 'n vaste bydrae fonds, die voordeel betaalbaar op uitgang is die lidbelangrekening. Dit is grotendeels gelyk aan die bydraes (ná koste) met die toevoeging van beleggingsopbrengs.

Lede het verskillende opsies met betrekking tot versekerde sterftevoordele- en ongeskiktheidsvoordele (wat bykomend tot die lidbelangrekening betaal word), met die ooreenstemmende verskille in bydraes wat toegeken word aan lidbelangrekeninge.

3. Lidmaatskap

Op die waarderingsdatum was daar 32 431 aktiewe en uitgestelde lede en 784 pensioenarisse, insluitende 212 ongeskiktheidspensioenarisse, in die Fonds.

4. Bates

Die totale waarde van die netto bates van die Fonds, soos op die waarderingsdatum, het R9 869 miljoen beloop. Die gekombineerde bates in die Pensioenarisrekening en Aandeelrekening het R9 845 miljoen beloop nadat die Risiko- en Datareserwe van R24 miljoen afgetrek is.

5. Beleggingsopbrengste

Beleggingsopbrengste word maandeliks toegeken aan lidbelangrekeninge. Dit is gebaseer op die werklike netto beleggingskoers wat die Fonds verdien. ‘n Effektiewe bonuskoers van 15.2% per jaar is vir die Trustee Verstekportefeulje (Groeiportefeulje) vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 verklaar.

6. Kapitaalbeskermingsopsie (Beskermingsportefeulje)

Die Fonds bied ‘n Beskermingsportefeulje vir lede 50 jaar en ouer. Die doelwit hiervan is om beskerming te bied teen markwisseling vir lede naby aan aftrede. Die effektiewe beleggingsopbrengste vir lede wat die Beskermingsportefeulje gekies het was 6.6% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2011**.**

7. Buigsame Portefeulje (Gematigde Portefeulje)

Die Buigsame Portefeulje is bekendgestel met effek vanaf 1 Julie 2011. Die portefeulje bied die opsie vir lede 50 jaar en ouer om te belê in die Buigsame Portefeulje. Lede 50 jaar en ouer mag 50% of 100% van hulle ledebelang belê in die portefeulje. Die bates van die Buigsame Portefeulje word beperk tot tussen 18% en 56% in aandele-beleggings en word bestuur op ‘n “lewensfase” basis afhangende van die lid se gekose vlak van risiko.

8. Pensioenverhoging en Bonus

‘n Pensionverhoging van 4.2% effektief vanaf 1 Maart 2011, was toegeken aan pensionarisse. Na afloop van die waarderingsdatum, is ‘n pensioenverhoging van 5.0% effektief vanaf 1 Maart 2012, toegeken aan pensionarisse.

‘n Diskresionêre bonus gelykstaande aan een maand se pensioen was ook betaalbaar in Februarie en Desember 2011.

9. Fondsrekeninge

Die finansiële toestand soos op 30 Junie 2011 van die onderskeie Fondsrekeninge is soos volg:

Aandeelrekening	**R 000**
Bates in die Aandeelrekening	9 330 837
Lidbelangrekeninge	9 303 159
Beleggingsreserwe	27 678
Befondsingsvlak van die Aandeelrekening	*100.3%*

Pensioenarisrekening	**R 000**
Markwaarde van bates	514 914
Aktuariële waarde van bates	504 101
Pensioenarislas	431 252
Surplus	72 849
Befondsingsvlak van die Pensioenarisrekening	*116.9%*

10. Samestelling van die Bydraekoerse

	Totaal	**Opsie A**	**Opsie B**	**Opsie C**	**Opsie D**	**Opsie E**
Bydraes as 'n persentasie van salarisse						
Plaaslike Owerheid bydrae *	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00
Minus:						
Risiko kostes en uitgawes**	(4.31)	(4.00)	(6.00)	(3.00)	(1.00)	(4.25)
Netto Plaaslike Owerheid bydrae	13.69	14.00	12.00	15.00	17.00	13.75
Plus: Lid bydrae *	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00
Beskikbaar vir aftreevoordele	**22.69**	**23.00**	**21.00**	**24.00**	**26.00**	**22.75**

* Ten opsigte van gekontrakteerde werknemers dra die Plaaslike Owerheid 19.5% en die lid self 7.5% by. Die totale bydrae is 27% en die netto bydrae beskikbaar vir aftreevoordele is soos die vir ander lede. Uitgestelde lede is nie geregtig op risikovoordele nie.

** Die befondsing van uitgawes is gebaseer op 'n glyskaal afhangende van elke lid se salaris. Die koste toelae ingesluit verteenwoordig 'n gemiddelde van die totale koste van befondsing voorsiening, uitgedruk as 'n persentasie van salaris.

Opsie F is bekendgestel met effek vanaf 1 September 2011.

11. Finansiële toestand

Die Fonds is in 'n gesonde finansiële toestand soos op die waarderingsdatum.

Sean Neethling, BSc CFP® FIA FASSA
Genoot van die Instituut van Aktuarisse, in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en as 'n werknemer van Metropolitan Lewens Beperk.

13 Februarie 2012